



**“Met vriendelikheid moet hy teenstanders tereg wys. Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring. Dan sal hulle weer tot nugtere insig kom en vry raak uit die vangstrik van die duiwel, waarmee hy hulle gevange gehou het om sy wil te gehoorsaam.”**

2 Timoteus 2:25-26

# RAMADAN (24 APRIL – 24 MEI)

## GEBEDSKALENDER

### APRIL 2020

**1 | SRI LANKA** Dankie aan almal wat vir ons Kerk-familie in Sri Lanka gebid het na die Paasfees-bomaanvalle in 2019. Hou aan om te bid vir vertroosting vir al die families wat rou oor die verlies van geliefdes. Bid ook vir krag vir diegene wat omsien na mense wat tydens die aanvalle beseer is.

**2 | MIANMAR** Saya Thun\* is 'n sendeling, wat saam met sy familie Gelowiges vanuit 'n Boeddhistiese agtergrond bedien. Alhoewel hy en sy familie voortdurende druk vir hul bediening ervaar, gaan hulle voort om hierdie gelowiges te bedien. Bid vir die Here se volgehoue beskerming oor Saya Thun en sy familie.

**3 | MIANMAR** Een van die gelowiges wat Saya Thun\* en sy vrou versorg, is Khin Htay.\* Op 'n dag het Khin se man haar met petrol gegooi en haar aan die brand gestee omdat sy geweier het om die Boeddhistiese gode te aanbid. Bid vir haar herstel en ook vir voorsiening vir dié wat na haar omsien.

**4 | LAOS** Pastoor Savang se gemeenskap dreig om al die Christene uit hulle dorpie te skop indien hulle aanhou om Jesus te volg. Bid dat God vir hulle onderskeidingsvermoë en wysheid in hierdie situasie sal gee.

**5 | VIËTNAM** Die regering monitor talle Christene en voer klopjagte op hul huise en kerke uit. Bid vir dié wat steeds



## VIËTNAM vervolg

bymekaar kom dat hulle sterk in die geloof sal bly staan en dat hulle h bemoediging sal wees vir dié wat begin moed opgee in die geloof.

**6 | CHINA** Gelowiges vanuit h Boeddhistiese Agtergrond in van China se mees afgeleë en bergagtige streke is so geïsoleerd dat hulle slegs een of twee keer h jaar ander Christene ontmoet. Baie van hulle is ook ongeletterd en het geen Bybels of pastore om hulle te leer nie. Vra die Heilige Gees om Bybelse waarhede aan hulle te leer.

**7 | INDIË** Deepi se familie en bure is teen haar geloof in Jesus. Sy is nou onder streng toesig sodat sy nie kerk toe kan gaan nie. Bid dat sy God se liefde en teenwoordigheid sal ervaar, ten spyte daarvan dat sy nie ander gelowiges kan ontmoet nie.

**8 | BROENEI** Broenei word al meer Islamities, veral in onderrig en wette wat minderheidsgelowe onderdruk. Dit het tot gevolg dat jeugdige en nie-Moslemfamilies die land verlaat. Bid dat Christenjongmense en hul ouers bemoedig sal wees om in die land te bly en om God se getuies te wees.



**9 | INDONESIË** Bid vir die ontwikkeling van nuwe projekte vir 2021. Bid vir God se wysheid en suksesvolle samewerking tussen almal wat by hierdie projekte betrokke is. Mag elke projek die behoeftes van die gelowiges wat ons in Indonesië bedien aanspreek en bydra tot die verspreiding van God se Koninkryk in die land.

**10 | MALEISIË** Alkoholisme en tiener-swangerskappe is h groot probleem onder jongmense in Oos-Maleisië. Bid dat die jongmense wat Geopende Deure (in samewerking met plaaslike kerkleiers) se jeugkampe bywoon, hulle hoop en bevrugding in God sal vind.

**11 | NOORD-KOREA** Noord-Korea verafgod sy huidige en voormalige leiers van die Kim-familie. Bid dat God die mense van Noord-Korea sal wys dat om menslike leiers te verafgod nie aan hulle die hulp en hoop wat hulle nodig het kan bring nie, net God kan dit doen.

**12 | MALEDIVE** Verlede jaar het President Solih gesê dat sy regering maatreëls sal implementeer om die hooforsaak van rassisme, xenofobie en haatspraak aan te spreek. Dit is goeie nuus, siende dat Maledivers geleer word om ander gelowe, veral Christenskap, te verag. Bid vir h deurbraak in hierdie land.

**13 | SENTRAAL-ASIË** In een Sentraal-Asië-land, is sekuriteitsdienste ingelig oor h groep geheime Gelowiges vanuit h Moslemagtergrond, wat toe gearresteer is. Bid dat God hierdie gelowiges sal versterk en vir hulle waagmoed en wysheid gedurende hierdie tyd sal gee.

**14 | KIRGISTAN** Janara, h Gelowige vanuit h Moslemagtergrond en voorheen die prokureur vir Eldos (h gelowige wat in 2018 aangeval is), het gesondheidsprobleme wat veroorsaak is deur die gevaar en spanning wat sy ervaar het omdat sy hom gehelp het.

## KIRGISTAN vervolg

Bid vir veiligheid vir haar en haar familie, asook goeie gesondheid vir haar.



**15 | BURKINA FASO** Naomi (45), wat nege kinders het, het verlede jaar haar man, Eli, verloor toe terroriste hulle gemeenskap aangeval het. Bid vir genesing en voorsiening vir haar en die baie ander weduwees in die land.

**16 | TADJIKISTAN** Pastoor Bahrom Kholmatov is in Desembermaand vroeër vrygelaat uit die tronk. Prys God vir sy vrylating. Bid dat hy en sy familie sal aanhou om h skynende lig vir Christus te wees, ten spyte van alles wat gebeur het.

**17 | MAROKKO** Bid vir Kais,\* h jong gelowige wat alles verloor het toe hy openlik sy geloof bely het. Hy probeer om sy lewe stuk-stuk te herbou, maar sukkel. Bid vir krag om te volhard.

**18 | UGANDA** Robert (17) het grootgeword in h Moslemfamilie. Die

## UGANDA vervolg

Here het hom deur visioene en drome in Sy Koninkryk ingebring. Sy ouers het probeer om hom te oorreed om sy geloof te herroep, maar hy het geweier. Dank die Here vir Robert se getuienis. Bid vir die Here se volgehoue voorsiening en geestelike groei.

**19 | KAMEROEN** Haoua (moeder van Kadidja, wat oorlede is aan lewersirroose) word steeds gespot en beledig deur haar Moslembure. Bid dat die Here haar gebede vir verligting van die konstante druk sal beantwoord en dat Hy haar en haar familie sal beskerm teen die versoeking om hoop op te gee.

**20 | TUNISIË** Vroulike gelowiges in h noordelike stad van Tunisië is in h stryd om te oorleef en wil meer bymekaar kom. Bid dat God vir hulle sal intree en hulle sal help om maniere te vind om veilig bymekaar te kom.

**21 | IRAN** Ons hoor al meer stories van fisiese, seksuele en psigologiese mishandeling in families, die samelewing en die Christengemeenskap self. Bid vir krag en genesing vir die talle gelowiges wat sukkel om hierdie mishandeling te hanteer.

**22 | INDONESIAË** Bid vir h groep gelowiges vanuit h Moslemagtergrond in h Moslem-meerderheid-gemeenskap op die Java-eiland. Die owerhede word al meer agterdochtig oor hulle aktiwiteite. Bid dat God vir die Christenleiers en -lede wysheid sal gee om die situasie in liefde te hanteer.

**23 | GEOPENDE DEURE-VENNOTE** Bid saam met ons vir Moslems wêreldwyd wat môre met die Ramadan-vas begin. Bid dat God vir ons liefde sal gee vir Moslems rondom ons en dat hulle deur ons Christus sal sien en Hom as hulle persoonlike Verlosser sal leer ken.

## RAMADAN BEGIN

**24 | MOSLEM-WÊRELD** Vandag is die begin van die maandlange vas vir Moslems wêreldwyd. Hulle glo dat hulle geestelike belonings sal ontvang deur te vas. Bid dat die Evangelie wortel sal skiet in die Moslem-wêreld sodat baie aangetrek sal word tot Christus.

**25 | ARABIESE SKIEREILAND** Die Arabiese Skiereiland is die tuiste van sommige van Islam se heiligste plekke en strengste regimes. Dit is nie h maklike plek om Christus te volg nie, en tog werk God op wonderbaarlike maniere. Bid dat Christene in woord en daad h helder lig vir die Moslems rondom hulle sal wees.

**26 | SAOEDI-ARABIË** Volgens Islamitiese tradisies is Saoedi-Arabië die geboorteplek en finale rusplek van die profeet Mohammed. Hier is geen plek vir ander gelowe nie. Prys God dat Moslems ten spyte hiervan na Christus draai. Bid dat die waarheid van Christus deur visioene en drome aan baie meer Moslems geopenbaar sal word.

**27 | OMAN** Omani's beoefen h unieke soort Islam genaamd *Ibadhism*, wat h meerderheidsekte van Oman en meer verdraagsaam teenoor Christene is. Bid dat hierdie verdraagsaamheid teenoor Christene baie meer geleenthede sal skep vir Moslems en Christene om oor Christus te praat.

**28 | VERENIGDE ARABIESE EMIRATE** Evangelisasie word verbied, maar nie-Moslemgroepe word toegelaat om in bepaalde geboue of privaathuise te aanbid. Bid dat Christene h lewende getuigenis vir Moslems in hierdie land sal wees.

**29 | JEMEN** Jemen het van die strengste interpretasie van Islam. Om Islam te verlaat om na h ander geloof te bekeer, word verbied. Tog het party Christene geword. Bid dat God die harte van baie Moslems vir die waarheid van die Evangelie sal oopmaak.

**30 | KATAR** Katar is een van slegs twee Wahhani Islam (baie puriteinse weergawe van Islam) lande in die wêreld. Bid vir beskerming vir Christene in hierdie land en dat God aan hulle wysheid sal gee om met die liefde van Christus uit te reik na Moslems in hierdie land.

## MEI 2020



**1 | ISLAMITIESE ASIË** In lande waar Islam die meerderheidsgeloof is, ervaar Christene vyandigheid van hul families, gemeenskappe, regerings en Islamitiese ekstremiste. Bid dat hierdie mense Jesus Christus as hul enigste Verlosser sal erken.

**2 | BANGLADES** Tot dusver het Bangladesj dit reggekry om weg te bly van die soort radikalisme wat ander dele van die wêreld oorweldig, maar dit is besig om te verander. Bid dat dit nie die groei van die Koninkryk in hierdie land sal belemmer nie, maar dat meer Moslems na Christus sal draai.

**3 | MALEDIVE** Alle burgers word geag as Moslems, en daar word verwag dat almal aan Islamitiese gebruike en gemeenskapsgeleenthede deelneem, soos om die plaaslike moskee te besoek. Enige iemand wat gevang word dat hy dit nie doen nie, sal ondervra word. Bid vir Christene vir wysheid, en dat God hulle sal help om hierdie situasies te gebruik om sy Lig te wees in die duister.

**4 | PAKISTAN** Pakistan is die tuiste van 'n oorvloed Islamitiese groepe. Bid vir 'n bonatuurlike ontmoeting onder die land se mense, asook die radikale Islamitiese groepe, sodat hulle Jesus Christus se reddende kennis sal leer ken.

**5 | BROENEI** Daar is daagliks berigte in plaaslike koerante oor Islamitiese bekeerlinge wat geskenke en finansiële ondersteuning ontvang. In teenstelling word Christene glad nie toegelaat om te evangeliseer nie. Bid dat God Sy Kerk die wysheid en moed sal gee om in hierdie onregverdige omstandighede Jesus met ander te deel.

**6 | INDONESIË** Christenbekeerlinge vanuit Islam verkeer dikwels onder intense druk om hul geloof te versak. Bid dat hulle toegang tot Bybels en 'n Christelike gemeenskap sal hê sodat hulle versterk kan word om die druk te verduur. Bid dat namate hulle oor Christus dink, Moslems hul geloof sal begin bevraagteken.

**7 | MALEISIË** Die wetgewing identifiseer

## MALEISIË vervolg

Maleiers as Moslem, wat beteken dat hulle nie die voorreg het om Islam te verlaat nie. Diegene wat egter ander gelowe beoefen, word verbied om dit met Maleisiese Moslems te deel. Bid vir verandering in Maleisië.

**8 | MIDDE-OOSTE** Die Midde-Ooste is die geboorteplek van die Christengeloof. Tog, in sommige areas vandag, is die Kerk byna uitgewis onder Islamitiese druk. Bid dat God die oorblywende Christene sal gebruik om aan te hou om die sout en lig te wees in hierdie streek.

**9 | IRAK** Afgesien van die uitdagings wat die kerkbediening en -leiers ervaar, staan hulle sterk om Jesus se naam te verkondig. Bid tot die Here dat hul voorbeeld vrede, eenheid in die Kerk en ontwikkeling in die land sal aanmoedig.

**10 | AFGANISTAN** Daar is amptelik geen plaaslike Christene in Afganistan nie, wat alle sigbare Christelike lofprysing gevaarlik maak. Bid dat die Evangelie sal aanhou om 'n weg te vind na die harte en huise van Moslems.



**11 | JORDANIË** In Openlike getuienis van geloof deur h Christen vanuit h Moslemagtergrond kan lei tot loesings, arrestasies en self dood. Bid vir God se hand van beskerming oor hierdie Christene, en dat hulle h weerspieëling van Christus sal wees vir hul Moslemfamilieede.

**12 | SIRIË** Christene vanuit h Moslemagtergrond word veral onder druk geplaas deur hul families, omdat bekering h groot oneer oor die familie bring. Bid dat die Here die harte van hierdie Christene se families sal versag sodat hulle hul lewens sal wy aan Christus.

**13 | SOEDAN** Alle Christengemeenskappe in Soedan is bang om gesprekke te voer oor geloof met Soedanese Moslems, omdat dit beskou kan word as deel van h "daad wat afvalligheid teenoor Islam" aanmoedig. Bid vir geleenthede vir Christene om met Moslems te kan praat oor hul geloof, sonder enige teenreaksie.

**14 | AFRIKA** Islam is alreeds sedert die 7<sup>de</sup> eeu A.D. in Afrika teenwoordig, toe die profeet Mohammed verskeie van sy dissipels beveel het om skuiling te soek by die Rooi See, toe hulle vervolging ervaar het van politeïstiese inwoners van Mekka. Bid dat Moslems regoor Afrika wat na die waarheid soek, Christus sal vind.

**15 | ALGERIË** Dit word volgens die wet verbied om "h Moslem se geloof te skud" of om "verleiding te gebruik om h Moslem na h ander geloof te lok". Afgesien van hierdie beperking is die oes groot, maar die werkers min. Mag die Here mense roep en uitstuur om die Evangelie in Algerië te verkondig.

**16 | EGIPT E** In Egipte, veral in arm en landelike gebiede, raak radikale imams en minder verdraagsame klasse van Islam meer prominent. Die regering doen moeite om hierdie tendens om te keer, maar was tot dusver onsuksesvol. Bid dat God self die groei van hierdie tipe Islam in die land sal stop.

**17 | LIBIË** Die militêre konflik in Libië het die invloed van radikale Islamitiese denke help groei. Vervolgens het die anargie veroorsaak dat verskeie areas die tuiste is van radikale Moslems. Bid vir h einde aan die konflik in hierdie land, en dat stappe geneem sal word om die invloed van radikale Islam te minimaliseer.

**18 | MAURITANIË** Mauritanië is h self-geproklameerde Islamitiese Republiek. Hier verduur nie-Moslems intimidasie en vervolging, veral deur Islamitiese groepe. Bid dat afgesien hiervan, God aan hulle die moed en durf sal gee om die Evangelie met hul Moslemfamilies te deel.

**19 | NAG VAN KRAG** Die Nag van Krag is h hoogtepunt tydens Ramadan. Moslems glo dat op hierdie aand, die



## NAG VAN KRAG vervolg

seën en genade van Allah in oorvloed is, en dat sondes vergewe word. Bid dat vanaand, terwyl hulle na vergifnis soek, talle Moslems die ware vergifnis van sonde deur geloof in Jesus Christus sal ervaar.



**20 | MAROKKO** Marokkaanse wetgewing kriminaliseer die “skud van ’n Moslem se geloof”. Dit stel baie Christene wat met ander oor hul geloof praat in gevaar om gearresteer te word. Bid dat wanneer Moslems en Christene met mekaar praat, God h weg sal baan vir hulle om hul geloof te deel.

**21 | TUNISIË** Tunisiese gelowiges kom almal vanuit ’n Moslemagtergrond. Indien hul geloof aan die lig kom, kan hulle hul werk verloor, verwerp word deur familie en vriende, asook verbale en fisieke mishandeling in die gesig staar. Bid dat God hulle sal beskerm teen gevaar en dat Hy hulle sal gebruik om Sy Koninkryk in die land te laat groei.

**22 | NIGER** Tot onlangs was Niger in h mate gespaar van gewelddadige Islamitiese konflik en was die Kerk nie die hoofteiken nie. Bid dat namate dit aanhou verander, die Here aan Sy kinders veilige weë sal bied om te kan byeenkom en hulle sal toelaat om hul geloof met hul Moslem bure te deel.

**23 | SOMALIË** As Al-Shabaab uitvind dat iemand h Christen geword het, sal die militante hulle dikwels daar en dan vermoor. Afgesien van die risiko’s, kom Somaliërs tot geloof in Christus – sommige op wonderbaarlike maniere. Bid dat baie meer Somaliërs tot geloof sal kom, afgesien van die gevare.

## RAMADAN EINDIG

**24 | MOSLEMS WÊRELDWYD** Hou aan om vir Moslems wêreldwyd te bid, namate Ramadan eindig. Bid dat waar saad geplant is deur die getuïenisse van Christene rondom hulle, dit gevoed sal word en sal ontkiem in h lewensveranderende verhouding met Christus.



**25 | EID AL FITR** Moslems regoor die wêreld beëindig hul maandlange vas met 'n feesdag. Bid dat God magtige werk sal doen in die lewens en harte van talle Moslems wat bymekaar sal kom om hierdie feesdag te vier.

**26 | IRAN** Dit is 'n groot skande wanneer 'n Moslemfamilielid Islam verlaat. Bid vir krag vir Christene wat vervloek en onterf is deur families vir hul geloof. Bid dat God hul families se oë sal oopmaak vir die waarheid van wie Hy is.

**27 | SENTRAAL-ASIË** Madina\* is 'n Uyger-vrou vanuit 'n Moslemagtergrond wat vervolging vir haar geloof ervaar. Dit het egter ernstige gesondheidsprobleme vir haar tot gevolg gehad. Bid vir haar gesondheid, haar kinders, haar veiligheid en dat haar geloof versterk sal word.

**28 | CHINA** Cao het geworstel met die vraag van waarom God vervolging toelaat. Sy wroeg egter nie meer daarmee nie namate sy die krag en moed van vandag se Kerk ervaar en diegene onthou wat 60 jaar gelede martelaars was. Bid dat die Chinese gelowiges begeester sal word deur hul voorgangers.

**29 | CHINA** Cao het agtergekom dat tieners beïnvloed word deur die geloof en volharding van hul ouers, wat uiters baie moeite moet doen om ander gelowiges te ontmoet vir lofprysing. Bid dat daar 'n groot herlewing onder die Chinese jeug

## CHINA vervolg

sal plaasvind as gevolg van die huidige beproewings.

## 30 | NOORD-KOREAANSE BEDIENINGS

Te danke aan jou gebede en ondersteuning, kon Geopende Deure deur plaaslike kerke verskeie projekte ontwikkel vir Noord-Koreaanse Christene in nabye lande. Bid dat hierdie bedienings in oorfloed sal groei volgens God se plan.



## 31 | LIGGAAM VAN CHRISTUS WÊRELDWYD

Bid dat die wêreldwye Liggaam van Christus saam in gebed en ondersteuning vir mekaar sal staan. Bid dat ons in eenheid sal staan en die volle wapenrusting van God sal aantrek, sodat ons kan sterk staan teen die vyand se planne (Efesiërs 6:11).

\*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsredes.

Vervolg  Maar nooit alleen.



**Geopende Deure**

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa

[www.opendoors.org.za](http://www.opendoors.org.za)  
Posbus 1771, Cresta, 2118  
T +27 11 888 9341  
E [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org)